Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2019-08-25
Aanddiens

Efesiërs 3:14-21
HK Sondag 12: V&A 31 & 32

God het Christus gesalf sodat ons christene genoem kan word.

Inleiding:

1) ’n Titel speel vir die mensdom ’n belangrike rol.
   a) As ’n vrou trou dan is mejuffrou vergete, en dis skielik mevrou.
   b) Sommiges het hierdie afgelope ruk graadgevang of is bevestig in ’n bepaalde diens.
      i) Skielik is meneer en mevrou nie meer genoeg nie.
         (1) Nou is dit Professor of Doktor.
   c) Hierdie titels gee gewoonlik iets weg oor ’n persoon se beroep of status.
2) In Sondag 12 van die Heidelbergse Kategismus bely ons ook dat elkeen van ons ook ’n baie spesifieke titel het.
   a) Christen
   b) Besef u hoekom ons christene genoem word?
      i) Besef u die omvang van hierdie titel?
3) Ons benoeming as Christene is nie bloot terloops nie.
4) So kom ons dan vandag by die tema uit.
   a) God het Christus gesalf sodat ons in Christus, deur geloof, Christene genoem kan word.
      i) Met dit in gedagte gaan ons by 3 kernpunte stilstaan.
         (1) God het Christus gesalf as Priester, Profeet en Koning
         (2) Deur geloof is ons in Christus
         (3) Ons kan Christene genoem word

Punt 1: God het Christus gesalf as Priester, Profeet en Koning

1) Ons sien duidelik dat profete, priesters en konings in die Ou Testament gesalf is deur reukolie.

a) Salwing is die wyse waarop iemand afgesonder is tot God.
    i) So ook is salwing met tye gebruik as ’n manier om medisyne toe te dien.
        (1) Salwing het dus bygedra tot genesing
        (2) Ons kan duidelik sien dat salwing altyd met ’n bepaalde doel gepaardgegaan het.
b) Daar is hoofsaaklik 3 redes vir salwing.
    i) Uitverkiesing en afsondering
        (1) God kies iemand uit wat saam met ’n bepaalde taak en roeping gaan.
    ii) Toerusting en bekwaammaking
        (1) Hierin sien ons die belofte dat God die persoon wat Hy gekies het, sal toerus met die nodige gawes om die taak waartoe God hom of haar roep te kan doen.
    iii) Opdraggewing en uitsending
        (1) Hierin lê die klem dat die gesalfde ’n spesifieke opdrag het en daarom op die gepaste wyse mense sal lei om God te dien en eer.
            (a) As gesalfde is daar dan ook ’n duidelike sendingsopdrag.

2) In hierdie 3 redes kan ons reeds duidelik die koppeling maak met die salwing van Christus.
    a) Selfs die naam Christus beteken “gesalfde”.
    b) As Profeet
        i) Sodat die woord van God verkondig sal word.
    c) As Priester
        i) Sodat ons verlos kon word deur die offer wat gebring is.
            (1) Christus se kruisdood bevestig dan ook Sy salwing.
    d) As Koning
        i) Sodat Hy deur Sy woord en Gees ons kan regeer.
    e) Hierdie drie dienste wat Christus volmaak vervul het, het egter nie opgehou met Sy hemelvaart nie.
        i) Vandag nog vervul Christus al hierdie dienste wanneer Hy vir ons by die Vader intree as Middelaar.
            (1) Dit word vir ons bevestig in Heb. 8:6
                (a) Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is.

3) Hierdie salwing wat Christus ontvang het is egter nie ’n menslike salwing nie.

a) God het Christus gesalf met die Heilige Gees.
    i) Ons verbondenheid met Christus dra by dat ons ook in geloof gesalf is.
        (1) Daarom kan ons ook bely dat ons deur die geloof in Christus is.

Punt 2: Deur geloof is ons in Christus

1) Hierdie gedeelte van Efesiërs is gefokus daarop dat Paulus ’n geloofsgemeenskap by die gemeentes van Efese wil vestig.
    a) Hierdie gemeenskap is egter nie wat deur mense in plek gestel word nie.
        i) Deur die geloof wat in ons opgewek word het ons nou deel aan die liggaam van Christus.
        ii) Deurdat Christus gesalf is met die Heilige Gees, deel ons ook nou in hierdie salwing.
            (1) Ek en jy is ook nou priester, profeet en koning.
2) Die Heilige Gees wek die geloof is ons op om ons ook bewus te maak van hierdie salwing.
    a) Ons word eers bewus van ons deel aan die liggaam van Christus.
    b) So ook die salwing wat Christus vanaf die Vader ontvang het.
        i) Dan word ons bewus gemaak dat ons deel het aan hierdie salwing.
3) 1 Joh. 3:20 sluit sterk hierby aan.
    a) *Julle is egter deur Christus gesalf met die Heilige Gees, en julle ken almal die waarheid.*
    b) Ons het vroeër gehoor hoe Christus om 3 redes gesalf is.
        i) Omdat ons in Christus is, en daarom deel het aan die salwing is hierdie 3 redes van toepassing op ons as gelowiges.
            (1) Ons is deur God uitverkies en daarom het elkeen van ons ’n taak in die wêreld.
            (2) Deur die Heilige Gees en ander Christelike opvoeding word ons ook op die gepaste wyse toegerus en bekwaam gemaak.
            (3) So ook het elkeen van ons die taak ontvang om die Woord uit te dra en getuies te wees in die wêreld.
4) God roep en salf ons elkeen dus ook tot ’n bepaalde opdrag.
    a) Hierdie opdrag vereis van ons om ook op te tree as priester, profeet en koning.

i) 2 Kor. 3:18 noem duidelik dat "*Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word.*"

ii) Ons is dus in Christus besig om meer soos Christus te word.

(1) Ons titel weerspieël reeds hoe ons meer en meer soos Christus word.

<u>Punt 3:</u> **<u>Ons kan Christene genoem word</u>**

1) Christen beteken in wese volgeling van Christus.

a) 'n Volgeling streef daarna om soos sy meester te wees.

i) So moet ons dan daagliks poog om soos Christus te wees.

b) V&A 32 stel duidelik dat ons nou Christene genoem kan word.

i) Die basis van hierdie benaming lê daarin dat ons deel het aan Christus se salwing.

ii) Hierdie salwing het vir ons, as Christene, bepaalde implikasies.

(1) Ons is gesalf sodat ons die naam van Christus kan bely.

(a) Ons bely egter nie Christus se naam alleen nie.

(i) *Aan Hom wat deur Sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe.*

(b) Ons bely die naam van die enigste God, want die gees lei ons deur die geloof om hierdie begeerte te hê.

iii) So ook moet ons nou onsself gee as lewende en heilige offer.

(1) Hierdie offers moet vir God aanneemlik wees, soos wat Romeine 12:1 dit ook vereis.

(a) Dit is die wesenlike van die Godsdiens wat ons beoefen.

iv) Op hierdie wyse kan ons ook deur die werking van die Gees daagliks stry teen die sonde en die duiwel.

(1) Op hierdie wyse word ons ook meer en meer soos Christus.

(a) Dan is "Christen" nie maar bloot 'n titel nie.

(i) Dan word ons werklik Christene – volgelinge van Christus.

v) Christenskap is egter nie 'n individualistiese lewenswyse nie.

(1) Ons as Christene, ongeag hoe ver ons van mekaar af is en hoeveel ons van mekaar verskil, het deel in Christus.

(2) Dit is nie die plaaslike gemeente wat alleen Christus se kerk is nie.

(a) Elke gelowige wat deel is van die kerk van Christus, is ook deel van die liggaam waarvan Christus die hoof is.

c) Besef u dan wat die implikasies is van die naam Christen in die wêreld daarbuite?
   i) As ons sê ons is Christene, sê ons dat ons volgelinge van Christus is.
      (1) Wanneer ons dan nie lewe soos wat God vereis nie, beskadig ons hierdie naam wat ons het.
         (a) Dit is nie altyd maklik om hierdie naam in ons lewens prakties te maak nie.
            (i) Baie van ons broers en susters in die geloof word ernstig vervolg omdat hulle bely dat hulle Christene is.
      (2) Petrus stel ons egter gerus wanneer hy in 1 Petrus.4:16 sê:
         (a) *maar wanneer iemand ly omdat hy ’n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.*

d) In V&A 31 en Efes. 3:21 sien ons dus ook die wonderlike troos raak.
   i) Ons word getroos dat ons nie bloot net in hierdie lewe deel het aan Christus nie.
      (1) Ons is nie net Christene in hierdie bedeling nie.
   ii) Wanneer Christus terugkeer sal ons saam met Hom regeer oor alles skepsels.
      (1) Tot in alle ewigheid.

<u>Slot:</u>

1) Kom ons vat saam:
2) God het Christus gesalf deur die Heilige Gees.
   a) Hierdie salwing het bepaalde funksies waartoe Christus geroep is.
3) Elkeen van ons het ook deel aan hierdie salwing.
   a) Daarom het elkeen van ons ook ’n taak omdat ons ook in Christus deur die Gees gesalf is tot priester, profeet en koning.
4) Daarom kan ons hierdie titel met vrymoedigheid dra dat ons ’n Christen genoem word.
   a) Die Heilige Gees lei ons om ook op die gepaste wyse op te tree.
   b) Ons stry dus teen die sonde en die duiwel met die afwagting dat ons in die lewe hierna saam met Christus kan regeer.